Aanbiddingsvers:

Hulle is Israeliete aan wie die aanneming tot kinders behoort en die heerlikheid en die verbonde en die wetgewing en die erediens en die beloftes;
(Romeine 9:4 AFR1953)

Sing vooraf: Psalm 91:8 (p. 462)

8 "Hy roep, en Ek beskerm hom daar, / totdat die nood verby is;
Ek lei hom na die hoogtes waar / 'n eerkrans hom berei is.
Die menseleeftyd, vlug en kort, / verleng Ek uit genade,
sodat hy blye‿aanskouer word / van al my reddingsdade."

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 107:1 (p. 533)

- Loof God, omdat Hy goed is, / en goed is sonder end!

1 Meld dit, al wie behoed is, / verlos is uit ellend;
wat God uit elke land / in vryheid weer herstel het,
vry van die slaweband, / waarmee hul hom geknel het.

Geloofsbelydenis Apostolicum

Na die wet sing ons Psalm 40:4 (p. 205)

Wet

Psalm 40:4 (p. 205)

4 Net om u wil te doen soos in u Boek / die wonderskrif wat nooit vergaan –
dit klaar van my geteken staan, / dit wil ek, HEER, van ganser harte soek.
Ek bied U hart en hande / in will'ge offerande – / al wat ek is en het;
diep in my ingewand / waar liefde‿en ywer brand, / draag ek u heil'ge wet.

Gebed

- *Doksologie*
- *Aanbidding*
- *Skuldbelydenis*

Vergifnis

- *Dank*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God*
- *Algemene bede*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens*

Amen.

Psalm 38:1, 17 (p. 189)

1 Straf tog nie in ongenade / my misdade, / HEER, verdra my met geduld.
Wil tog nie in toorn ontsteek nie / en U wreek nie / op my sonde‿en sondeskuld.

17 Wil my, Heer, in hierdie lewe / nie begewe; / wees nie ver van my gebed!
Hoor die roepstem van 'n lyder, / o Bevryder / wat my altyd uit wou red!

Skriflesing: Jeremia 36 en Markus 13

Teks: Jeremia 36:20-23 en Markus 13:7, 19, 20, 24 & 25

En hulle het na die koning in die voorhof gegaan – die rol het hulle weggesit in die kamer van Elisáma, die skrywer – en al die woorde voor die ore van die koning gemeld. Toe stuur die koning Jehúdi om die rol te gaan haal; en hy het dit

gaan haal uit die kamer van Elisáma, die skrywer. En Jehúdi het dit gelees voor die ore van die koning en van al die vorste wat by die koning staan, terwyl die koning gesit het in die winterpaleis, in die negende maand, met die brandende vuurpan voor hom. En elke keer het hy, as Jehúdi drie of vier kolomme gelees het, dit met die mes van 'n skrywer stukkend gesny en in die vuur gegooi wat op die vuurpan was, totdat die hele rol in die vuur op die vuurpan verteer was."
(Jeremia 36:20-23 AFR1953)

Ons moet ons altyd voor God verootmoedig. Dus moet ons voor God in nederigheid ons sondes bely, maar ook smeek vir vergifnis en uitkoms van die dinge wat ons kwel.

In die eerste gedeelte wat ons gelees het, kry ons 'n koning wat hom teen God verhard en verset.

- Jojakim en sy amptenary het nie veel tyd gehad vir God en vir godsdiens nie.
- Hulle eie lewensbeskouïng was maar die belangrike saak waaroor dit gegaan het.

Daarom het die Here Hom voorgeneem om hierdie mense te straf.

- In hierdie geval was die straf die ballingskap.
- Maar ons weet ook van ander gevalle waar die straf iets anders was, soos 'n oorvloed water tydens die sondvloed wat gekom het in die dae van Noag.
- Ons weet ook van droogte in die tyd van Elia.

In die geval van Jojakim het ons 'n presiese openbaring van dit wat die Here 'n besluit laat neem om 'n volk te straf omdat hulle ongelowig is.

- Die hele volk is aan die verval.
- Daar is enkele uitsonderings, maar die meeste is maar te dankbaar oor die koning se verharding, want dit het hulle geloofsverpligtinge aansienlik verlig.
- Dit is nou maar net so dat daar altyd 'n redelike persentasie mense is wat graag enige verskoning sal aangryp om godsdiens opsy te skuif.

In die gedeelte wat ons gelees het, bewys die Here tot die uiterste toe sy genade.

- Hy openbaar Hom aan Jeremia, en gee aan hom die opdrag om alles wat die Here vir hom sê, neer te skryf.

  Miskien sal die huis van Juda luister na al die onheil wat Ek van plan is om hulle aan te doen, sodat hulle hul bekeer elkeen van sy verkeerde weg en Ek hulle ongeregtigheid en hulle sonde vergewe. (Jeremia 36:3 AFR1953)
- Jeremia het toe vir Barug geroep en alles vir hom gedikteer. So het Barug Jeremia gehelp om die Here se opdrag uit te voer.

Barug het toe ook in opdrag van Jeremia hierdie boek in die tempel gaan voorlees.

- Dit gee weer aanleiding dat die boek vir 'n tweede keer gelees word, maar hierdie keer vir die vorste.

Let op na 'n baie belangrike saak:

- Daar is by die volk geen beweging om hulle te bekeer nie.
- Ook nie by die vorste nie.
- Daar is wel by die vorste 'n groot bekommernis oor die houding van die koning oor hierdie saak!
- Maar nie oor God se houding nie!

Die koning sit in sy winterpaleis.

- Hy moet aan sy vorste se versoek gehoor gee en luister na die boek wat God laat skryf het.
- Hy is baie gefrustreerd.
- Hy sit met ’n skêr in sy hand, en elke keer as Jehudi ’n ent gelees het, dan sny die koning die stuk van die boek wat Jehudi klaar gelees het af en gooi dit in die vuur.

Daar is van die owerstes wat by hom aandring dat hy dit tog asseblief nie moet doen nie, maar die koning word so koudgelaat deur God se eise dat hy met die meeste minagting waartoe hy op daardie oomblik in staat is optree teen God se Woord.

Die dienaars is almal met die koning eens: vers 24

> **En hulle was nie verskrik nie en het hulle klere nie geskeur nie – die koning en al sy dienaars wat al hierdie woorde gehoor het;** (Jeremia 36:24 AFR1953)

Die verdere verloop van die geskiedenis ken ons goed.

Hierdie volk is met bloedige veldslae in die oorlog oorwin en soos diere weggejaag na Babel toe, waar hulle vir 70 jaar in ballingskap moes bly.

Let op dat die beginsel van die hele saak is wat die Here self sê:

- Hy wil die mense tot bekering beweeg sodat Hy hulle hulle sondes kan vergewe.
- Dit is die doel van die straf wat oor hulle kom.

Gaan dit in ons land beter?

- Die skokkende feit is dat daar al hoe meer mense is wat onverskillig staan teenoor God en die kerk.
- Godsdiens word al hoe meer misplaas, want dit gaan elke keer oor die mens en sy eie regte, en nie oor God se eer nie.

Die Here het dus die reg om almal van ons in hierdie land te straf omdat hier te veel onder ons woon wat ons nie steur aan Hom nie.

- Maar die Here loop met ons ’n ander pad. Hy wil ons seën.
- Daarom roep Hy ons op om te kom Nagmaal vier.
- Natuurlik gaan ons smekend kom, maar Hy gaan ons juis van sy liefde en genade verseker.

Ons moet ook onthou dat ons in die eindtye lewe.

- Die eindtye word gekenmerk deur dinge soos aardbewings en tsunami’s, droogtes en oorloë en dies meer.
- Dis alles dinge wat ons nou sien gebeur.
- *Maar weereens sê die Here baie duidelik dat dit is as gevolg van die goddeloosheid wat oor die wêreld toeneem.*

Een volk se gebede sal dit nie keer nie, want hierdie toestand raak die hele wêreld. Dit plaas ons ook binne die opset van die tyd waarin ons vasgevang sit.

Maar dit beteken nie dat ons nie moet bid vir vrede nie.

- Ons moet, maar ons moet net nie so bid asof die vrede wat ons wil hê sommer dadelik hierdie plek van ons met die hemel vervang nie.
- Die Here stel dit baie duidelik dat in die laaste tye voor sy wederkoms daar lelike vervolginge

en opstande sal wees, en dan onderstreep Hy dit dat hierdie maar die BEGIN van die smarte is.

Hy stel dit baie duidelik dat die Koninkryk van God kom, nadat hierdie tyd eers deur hierdie kors van smarte geworstel het.

- Daarom wil die Here ons nou weer saam aan die Nagmaaltafel hê.
- Hy wil ons verseker dat ons nie in hierdie tye weggeraak het uit sy genade nie.

Wat lê dalk nog vir ons voor? Ons het mos nou net saam gelees dat die hele skepping versteur word as gevolg van die toenemende sondemag.

- Tsunami's en oorstromings en aardbewings en droogte is maar die geringstes van dit wat nog aan die kom is.
- Daar kom nog 'n tyd wanneer tot die son gaan ophou om lig te gee, en saam met hom gaan die maan donker word.

Maar al hierdie dinge beteken nie vir ons die einde nie, want daarvoor moet ons ook bid, dat God se genade in sulke tye vir ons genoeg is.

Dit gaan oor hoe ons gesindheid teenoor die Here is.

- Sny ons die Bybel stukkend en verbrand dit om ons frustrasies teen God – teen die HERE – so duidelik en met soveel minagting as moontlik te kenne te gee? – Ons het mos gesien hoe Jojakim dit gedoen het!
- Of gaan ons hierdie dinge deur met gebed en smeking – soos wat die Here Jesus in Markus 13 sê dat ons moet doen.

Onthou in hierdie tye waarin ons nou is dat die Here Jesus ook gesterf en opgestaan het sodat God die Vader in hierdie oomblikke aan ons genade sal skenk.

- Soveel genade dat ons by die oppervlak van hierdie ellendes kan verbykyk en kan sien die Here gebruik hierdie dinge om die koms van sy Koninkryk te bewerk.
- Daarom is dit aan ons verkondig sodat ons dit alles kan weet.

Maar die eis bly – ons moet ons voortdurend bekeer.

- Ons moet onthou dat ons sondes so groot is dat die Here ons enige tyd kan verdelg met rede – ons verdien hierdie dinge as straf.
- Maar die Here se pad loop anders met ons wat glo.
    - Hy vou ons toe in sy liefde.
    - Hy gee vir ons oor en oor die versekering dat Hy ons versorg en dat daar nie een enkele oomblik kom wat die ellendes van die laaste dae ons plek in sy koninkryk kan doodvee nie.

Kom ons berei voor om met 'n vaste geloof in God na sy sakrament toe te kom.

Ons kom as mense wat elke dag stry teen ons sondes.

Ons hoor en proe God se bevestiging van sy genade en liefde.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 138:4 (p. 671)

4 As in my angs en teëspoed / die krag en moed my wil begewe,
as vyande van veglus brand, / dan keer u hand en red my lewe.
Die HEER is goed en wondersterk: / Hy sal sy werk deur niks laat keer nie.
Laat my, o HEER wat my bewaar, / tog nou nie vaar, en nimmermeer nie.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 1 November 2009